HUIS WALTERS

SUPERINTENDENT
Visser Bezuidenhout
082 779 3328
E-mail: visbes67@gmail.com
Adres: Hofstraat, Hopefield

HUIS WALTERS
Lojaliteit Eenheid Respek

HUIS WALTERS KOSHUISBELEID

2024

1. **OPNAME VAN KOSHUISGANGERS**

1.1 Geen koshuisganger sal opgeneem word sonder dat die toelatingsvorm voltooi en onderteken is nie;
1.2 Slegs koshuisgangers wie se losiesgelde vir die voorafgaande jaar ten volle betaal is, sal in die koshuis opgeneem word;
1.3 Koshuisgangers word volgens die Superintendent se goeddunke in slaapkamers geplaas;
1.4 Losiesgelde is streng kwartaalliks vooruitbetaalbaar en word by die finansiële beampte per kaart inbetaal (Mev Suanne Burger by HSH) of in HSH se Koshuise se bankrekening. Behoeftige ouers/voogde kan aansoek doen om hulp by die Departement van Onderwys.

2. **HANDHAWING VAN ORDE, DISSIPLINE EN GEDRAG**

2.1 Hiervoor is die Superintendent verantwoordelik. Hy maak gebruik van die personeel wat in die koshuis diens doen en die prefekte;
2.2 Daar sal sover moontlik gepoog word om die persoonlikheid en karakter van elke kosganger positief te ontwikkel deur die aanmoediging van eerlikheid, openhartigheid, lojaliteit, vriendelikheid, hoflikheid, arbiedsaamheid en ander Christelike deugde;
2.3 Die Superintendent sal steeds in die uitvoering van sy pligte rekening hou met die belange van Hoërskool Hopefield en daarom in noue verband met die Skoolhoof saamwerk.

3. **KLERE EN ANDER BENODIGDHEDE**

3.1 Daar sal toegesien word dat kosgangers netjies is op hul persoon, asook in hulle kamers en ander lokale en dat hulle algemene voorkoms in ooreenstemming met die skoolreëls is;
3.2 Kleredrag moet te alle tye netjies wees. Pette of beanies (net Huis Walters beanies) is toelaatbaar, maar geen “hoodies” of ander snaakse hoofbedekkings nie;
3.3 Kosgangers moet hul eie beddegoed voorsien. Die meeste leerders gebruik ‘n paslaken en duvet-stel. Kussings en kussingslope moet ook self voorsien word. Slaapsakke word nie toegelaat nie. Die beddegoed moet elke twee weke huistoe gaan om gewas te word.
3.4 Alle kledingstukke en beddegoed moet asseblief op die mees gebruiklike plekke en met goeie ink duidelik gemerk wees. Indien van naamstrokies gebruik gemaak word, moet dit baie stewig vasgewerk word;
3.5 Geen klere mag op die beddens of agter die deure bly lê nie. Daar is handdoekrelings en hake in elke kamer. Skoene (of enige iets anders) mag nie onder die beddens gehou word nie – die bedkassies het ‘n spesifieke ruimte daarvoor. Kleretasse en sakke word in ‘n taslokaal gebêre – sportsakke (vir gebruik op sportdae) kan in die kas gehou word, maar mag nie in die kamer rondlê nie;
3.6 Leerders is self verantwoordelik vir hul wasgoed.

4. **ROOK, GEBRUIK VAN E-SIGARETTE (VAPE), ALKOHOL EN LEESSTOF**

4.1 Rook / vape is vir kosgangers te alle tye en plekke streng verbode. Geen vuurhoutjies of aanstekers mag in ‘n leerling se besit wees nie;
4.2 Geen koshuisleerling mag dwelmmiddels, alkoholiese drank, leë drankbottels, stompies, pille of aanstootlike leesstof (plakkate en prente) in sy besit hê nie. Hierdie oortredings kan lei tot uitsetting.

5. **SIEKTE**

5.1 Kosgangers moet, as hulle ongesteld is, dit aan die Superintendent of onderwyser aan diens aanmeld. Die Superintendent sal dan besluit of dit nodig is dat die ouers/voogde ontbied word of om ander maatreëls wat nodig mag wees, te tref;

5.2 Ouers/voogde is aanspreeklik vir enige doktersrekening en koste van voorgeskrewe medisyne wat aangegaan is in belang van hul kind(ers);

5.3 Indien 'n seun 'n besering opdoen, moet die Superintendent dadelik in kennis gestel word;

5.4 Indien 'n seun tydens skoolure ongesteld raak, moet hy uitteken by die skoolsekretaresse, stel die Superintendent in kennis en meld aan my die Matrone by die koshuis;

5.5 Indien 'n seun ongesteld raak en nie skool toe kan gaan nie, moet aanmelding plaasvind voor ontbyt by die onderwyser aan diens;

5.6 'n Leerder mag nie langer as 'n dag by die koshuis siek lê nie;

5.7 Die Superintendent moet dadelik deur die ouer/voog in kennis gestel word as 'n leerder terugkeer na siekte;

5.8 Indien 'n koshuisseun direk huis toe geneem word, moet die Superintendent deur die ouers/voogde in kennis gestel word.

5.9 Ete-reëlings is van groot belang omdat dit fyn beplanning verg – dit moet reeds op 'n Donderdag vir die volgende week getref word. Ons doen dit elektronies en elke nuwe ouer/voog sal dit voor die aanvang van die jaar ontvang. Ons gebruik die hele jaar dieselfde vorm en die kombuis verander net elke week die datums. Die kinders moet verkieslik self hulle besprekings doen op hul selfone maar ouers/voogde moet asseblief oor hul skouers loer en hulle herinner hieraan, veral aan die begin van die jaar. Indien daar 'n afwyking is van die bestaande bespreking vir 'n gegewe week, mag slegs die ouer/voog dit dan regstel deur asseblief met genoegsame kennisgewing (waar moontlik) Mnr Jurgens Schreuder 'n whatsapp te stuur met die wysiging(s) op selnommer 082 466 1846.

6. **BESOEKERS: OUERS/VOOGDE OF VRIENDE**

6.1 Besoekers en pakkies mag nie gedurende studietye ontvang word nie. Besoekers moet aanmeld by die persoon aan diens;

6.2 Besoekers word beleefd gevra om nie na kosgangers se kamers te gaan nie. Slegs in uitsonderlike gevalle, en met die toestemming van die Superintendent, sal dit toegelaat word;

6.3 Geen vroulike besoekers word in die gange/kamers toegelaat sonder toestemming van die Superintendent nie;

7. **TELEFOON**

7.1 Kosgangers mag nie oproepe maak of ontvang tydens studietye, stiltetyd, etenstye of na ligte uit nie. Indien 'n ouer/voog in hierdie tyd skakel, mag hulle nie die oproep beantwoord nie. Indien hul toestemming vra om 'n dringende oproep te maak, sal die personeel nie onredelik weier nie;

7.2 Selfone mag gebruik word wanneer leerders vrye tyd het;

7.3 Selfone word saans in stiltetyd opgeneem deur die prefekte en soggens na stiltetyd weer uitgedeel. Daardie selfoon moet 'n sokkie (as beskerming) of in ander soortgelyke materiaal toegedraai word – die koshuis of HSH kan nie aanspreeklik gehou word indien 'n selfoon beskadig word omdat dit nie behoorlik toegedraai is nie;

7.4 Selfone moet soggens in die leerder se kas toegesluit word. Huis Walters aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige verlore of gesteelde selfone nie. Die skoolreëls verbied selfone op die skoolterrein;

7.5 Selfone mag slegs herlaai word wanneer leerders in hul kamers is;

7.6 Kosgangers mag nie hulle fone in die gange of badkamers, die koshuisterrein of tydens sportbyeenkomste of in dorpstye gebruik om musiek te speel nie. Musiek kan met oorfone geluister word op hierdie plekke;

7.7 Indien selfone nie in ooreenstemming met die reëls gebruik word nie, sal daarop beslag gelê word vir 'n periode van 3 maande.

7.8 In die geval van werklike nood, kan u die Superintendent se nommer skakel as u nie na die ander nommer kan deurkom nie (082 779 3328). Neem asseblief die selnommer van meer as een kamermaat sodat u kan seker wees u kan u seun in die hande kry – u sal begrip hê dat ons nie boodskappe aan u seun kan oordra of hom kan gaan roep nie;

8. **ETES**

8.1 Kosgangers moet alle etes bywoon. Indien hulle nie ‘n ete kan bywoon nie moet dit vooraf gereël word met die diensonderwyser. Geen leerder kan gedurende daardie tyd in die koshuiskamer bly nie;
8.2 Kosgangers mag nie kaalvoet, met pantoffels of met nagklere in die eetsaal kom nie;
8.3 Alle disse vind nie altyd byval by alle mense nie en dit is logies dat u seun(s) miskien van sekere disse minder of meer sal hou. Ongelukkig kan ons nie altyd almal se smaak bevredig nie. Ons probeer wel om elke dag drie voedsame maaltye aan die kosgangers voor te sit;
8.4 Indien ‘n leerder vroeg of laat wil eet as gevolg van sport of ‘n ander skoolaangeleentheid, moet reëlings betyds getref word – hierdie prosedure sal aan hulle verduidelik word;
8.5 Goeie tafelmaniere is ‘n moet by kosgangers. Elke tafel het ‘n prefek wat as tafelhoof in beheer is van sy tafel;
8.6 Kosgangers kry saans na studie ‘n ligte versnapering en daar is altyd kookwater beskikbaar. Hy moet natuurlik sy eie eetgerei (as hy bv. noedels maak) en beker of bakkie saambring en natuurlik sy eie voorraad (koffie, ens) van wat hy ookal wil geniet;
8.7 Indien u kind om mediese redes ‘n spesifieke diet moet volg, moet dit asseblief in ‘n skrywe van u huisdokter uiteengesit word en ons sal dat u gekontak word deur die kombuis in hierdie verband indien nodig;
8.8 Let asseblief daarop dat geen ketels of enige elektriese toebehore in kamers gebruik mag word nie – ook geen yskaste, ens nie;
8.9 Uitsonderings op 8.8: Slegs selfoonlaaiers en EEN waaier per kamer word toegelaat vir die baie warm dae. Die kamermaats (of ouers/voogde) moet saam besluit op ‘n ordentlike waaier wat die hele kamer kan bedien. Dit mag nie dwarsdeur die nag aanbly nie.

9. NAWEEKPROSEDURE

9.1 Leerlinge wat sportnaweke inbly, moet teen Woensdagmiddag uitsluitsel kan gee hieroor;
9.2 Leerlinge wat by iemand gaan kuier, moet verlof hê van sy ouers/voogde en die persone na wie hy gaan. Die betrokke persone moet asseblief teen Woensdag bel (voor 20:00) om te bevestig. Geen kosgangers sal toegelaat word om die koshuisterrein te verlaat sonder die nodige toestemming nie;
9.3 Ouers/voogde word vriendelik versoek om die koshuis in kennis te stel indien u seun nie na ‘n naweek of skoolvakansie die Maandag by die koshuis sal wees nie om welke rede ookal – die kombuis moet ingelig wees asb;
9.4 Indien ‘n leerling die naweek tuis of by vriende gekuier het, moet hy Sondagaand voor 20:00 of Maandagoggend voor skool terug wees by die koshuis. Geen kosganger mag laat kom vir skool nie. Sondae sal geen toegang tot die koshuis voor 18:00 toegelaat word nie. Wanneer leerders aangemeld het, mag hulle nie weer die koshuisterrein verlaat sonder die toestemming van die personeel aan diens nie;
9.5 Koshuisgangers, sowel as hul ouers/voogde, se aandag word daarop gevestig dat indien die leerder ‘n naweek tuis is of by vriende tuisgaan, hy nogtans sy skoolverpligtinge ten opsigte van tuiswerk en sport moet nakom;
9.6 Koshuisgangers wat Vrydag inbly, word toegelaat om Vrydagmiddag 15:00 – 17:00 die koshuisterrein te verlaat. Slegs leerlinge wat Saterdag aan ‘n sport deelneem mag die betrokke Vrydag inbly;
9.7 Naweke: verlaat koshuis Vrydag voor 14:30. Koshuis weer oop Sondae vanaf 18:00. Leerders word soms eers baie laat deur ouers/voogde gehaal voor naweke en moet daardie kinders buite die koshuis ronddwaal tot hulle gehaal word – dit is heeltemal onaanvaarbaar. Daar is ‘n busdiens indien u probleme verwag met die kom haal van u kind. Daar is ‘n tarief betaalbaar as u seun die bus wil gebruik om by die huis te kom – let daarop dat dit ‘n spesiale KOSHUISBUS is en nie een van die busse wat daagliks spesifieke roetes ry nie – koshuisgangers mag NIE op daardie busse klim nie;
9.8 Seuns moet die koshuis voor 12:00 verlaat aan die begin van ‘n vakansie.

10. **STUDIE**

10.1 Die Superintendent is verantwoordelik vir die daarstelling van behoorlike geriewe en toesig vir kosgangers om te studeer. Die belangrikheid van ‘n ideale leeromgewing kan nie genoeg beklemtoom word nie. Daar sal beslis teen seuns opgetree word wat ‘n steurnis vir ander is;
10.2 Van kosgangers word verwag om, indien hulle probleme ondervind met studies en akademie, gebruik te maak van raad, voorligting of hulp van die Superintendent of onderwysers;
10.3 Alle leerders studeer in die studiesaal onder toesig;

10.4 Graad 8-11 leerders wat langer wil studeer as die normale studietyd, word toegelaat met toesstemming van die Superintendent vir ‘n vooraf ooreengekome tyd;

10.5 Graad 12 leerders geniet die vergunning om in hul kamers te studeer – dit is onderworpe aan streng voorwaardes wat met hul bespreek word aan die begin van die jaar;

10.6 Gedurende eksamentye word 1 uur bygevoeg by studietyd, gewoonlik ‘n rukkie na middagete.

11. **SAKGELD**

11.1 Ouers/voogde word daarteen gewaarsku om nie te veel sakgeld vir hul kinders te gee nie. ‘n Spaarbankrekening met ‘n kitskaart is meer wenslik. Groot bedrae kan by die Superintendent ingehandig word vir bewaring. Die koshuiskomitee of koshuisouers aanvaar geen verantwoordelikheid vir die wegraak van geld uit kamers, kaste of tasse nie. Geld kan by die Superintendent inbetaal word. Kaste moet gesluit wees. Bring jou eie twee slotte saam.

12. **ALGEMEEN**

12.1 Kosgangers word aanspreeklik gehou indien hulle koshuiseiendom beskadig of breek;

12.2 Ouers/voogde word vriendelik uitgenooi om enige tyd met die Superintendent persoonlik te kom gesels of te skakel indien daar ‘n probleem is. Onthou dat dit baie beter is om ‘n saak te bespreek en saam ‘n oplossing te vind as om stil te bly en ‘n grief rond te dra of om by mense te kla wat niks aan die saak kan doen nie;

12.3 Noodsaaklike afsprake, bv. vir ‘n tandarts, ‘n dokter, ens. moet so gereël word dat dit nie inbreuk maak op studietye nie. Sodanige verlof moet net na afloop van die middagete by die onderwyser aan diens aangevra word. Die ouers/voogde reël dit vooraf telefonies met die Superintendent;

12.4 Onwelvoeglike taal en enige vorm van oneerlikheid is ontoelaatbaar;

12.5 Die skool se beleid ten opsigte van fisiese kontak, soos vervat in die gedragskode, is ook van toepassing op inwoners van Huis Walters;

12.6 Geen geskree, geraas of gehardloop in die gange word toegelaat nie;

12.7 Terwyl onder toesig van die koshuis, mag kosgangers nie private partytjies bywoon of gedurende die week uitslaap nie. Uitslaap is slegs toelaatbaar in geval van siekte en dan slegs by die ouerhuis. Indien ‘n ouer/voog of die koshuisganger verjaar of dit is bv. ‘n baie verdienstelike of feestelike aangeleentheid, sal ons akkomoderend wees. Ons uitdaging is om konsekwent te wees – help ons asseblief daarmee. Uitslaap in die week, is normaalweg teen die reëls;

12.8 Geen kosgangers mag wapens, speelgoed of enige iets wat ‘n besering kan veroorsaak koshuis toe bring nie. Geen troeteldiere word toegelaat nie;

12.9 Sodra ‘n leerling ‘n kamer verlaat, moet hy die ligte afskakel;

12.10 Geen leerling mag in ‘n ander kamer slaap sonder die verlof van die Superintendent nie;

12.11 Geen eetgerei of breekgoed mag uit die eetsaal verwyder word nie;

12.12 Toiletpapier word nie voorsien nie;

12.13 Elke Huis Walters inwoner word aangemoedig om aan ten minste een somersport en wintersport deel te neem;

12.14 Die dra van juweliersware word nie toegelaat nie;

12.15 Spykers mag nie in die mure gekap word nie en geen prente mag teen die mure geplak word nie. Indien daar ‘n prentelys is, mag daar prente gehang word;

12.16 Leerlinge mag tyd aan skooltake en groepaktiwiteite spandeer, indien:

- dit nie in amptelike studietyd plaasvind nie;
- die betrokke onderwyser ‘n brief by die Superintendent/diensdoende persoon inhandig;
- die aktiwiteite binne die dorpsgrense plaasvind en die kosgangers dus kan stap;

Goedkeuring moet deur die betrokke kosganger se ouers/voogde gegee word wanneer daar per motor gereis moet word of wanneer daar buite die dorpsgrense gereis moet word;

12.17 Geen ontgroening, doop of intimidasie van enige aard mag plaasvind nie;

12.18 Die gebruik van die swembad mag slegs op die voorgeskrewe tye gebruik word. Dit word afgekondig aan die begin van die jaar. Die gebruik van swempette is verpligtend.

13. **KAMERS**

13.1 Alle kamers moet daagliks self hul drommetjies uitgooi en die kamer uitvee, daar is ‘n besem en skoppie in elke kamer;

13.2 Sorg dat die lig afgeskakel is en die venster en gordyne toegetrek is oor naweke en vakansies;

13.3 Leerders mag slegs kamerruilings doen met die toestemming van die Superintendent. Dit word nie maklik toegelaat nie. Daar is altyd iemand wat ongelukkig gelaat word by die kamer waar ingetrek word of by die kamer wat verlaat word. Koshuisgangers moet eerder leer om oplossings vir hul probleme te vind met die hulp van die Superintendent;

13.4 Kamerplasings word gedoen deur die Superintendent. Daar is geleentheid na een week om kamers te ruil – dit sal aan hulle verduidelik word;

13.5 Leerders maak hulle eie beddens op.

14. KONTAKNOMMERS

Superintendent:	Mnr Visser Bezuidenhout	082 779 3328
	Mev Annastine Bezuidenhout	083 642 5883
Matrone:	Mev J Roos	083 610 7658
Finansies:	Mev Suanne Burger	022 723 0040
		(finance@hshopefield.co.za)

Oortredings	**Ernstiger oortredings**
1. Afwesig sonder verlof	1. Aanranding
2. Besit van verbode items soos kerse, leë vuurhoutjiehouers, leë aanstekers	2. Besit of verspreiding van pornografie
3. Gesels as stilte verlang word	3. Opstekery of kwaadstokery
4. Hardloop in gange	4. Rook/vape in koshuisgebou
5. Kamer/kas onnet	5. Rook/vape op koshuisgrond/skoolgrond
6. Laat vir ete	6. Vandalisme
7. Laat vir skool	7. Rookgoed/vape in jou besit
8. Laat vir stilte	8. Alkohol/drankbottels in jou besit
9. Laat vir studie	9. Oneerlikheid
10. Ligte aan vergeet	10. Onnodige aktivering van brandblussers
11. Misbruik van selfoon	
12. Steurnis tydens studie	**Baie ernstige oortredings**
13. Onaanvaarbare gedrag	1. Rebelse houding teenoor gesag
14. Ondermyn gesag	2. Besit of gebruik van alkohol
15. Vloektaal	3. Besit of gebruik van dwelms
16. Rondloop na ligte uit	4. Besit van wapens
17. Ongemagtigde gebruik van selfoon	5. Brandstigting
18. Raas in gange	6. Diefstal
19. Pligsversuim	7. Ernstige aanranding
20. Studeertafel onnet	8. Rassisme
21. Slaap/lê na opstaanklok	9. Verlating van koshuisgrond sonder toestemming
22. Beweeg op plekke waar toegang verbied word (kombuis, spens, koelkas, ens.)	
23. Steurnis tydens stilte/studie	**Die volgende oortredings kan lei tot onmiddellike uitsetting**
24. Verkeerde drag	1. Aanhoudende oortredings van koshuisreëls
25. Swak tafelmaniere	2. Drankgebruik en dwelms
26. Skooltasse in gang	3. Diefstal
	4. Pornografie
	5. Enige van die baie ernstige oortredings hierbo vermeld

LYS VAN BENODIGDHEDE VIR SEUNS

1. Netjiese, informele drag vir namiddae
2. ‘n Reënjas / sambreel
3. Komberse of duvets, laken, kussingslope. Niemand mag in slaapsakke slaap nie.
4. Sweetpak
5. Handdoeke – minstens twee
6. Nagklere
7. Onderklere – minstens 5 stelle
8. Wasgoedsak
9. Persoonlike toiletbenodigdhede en toiletpapier
10. Skoenborsel en waks
11. Bybel / Geestelike boek vir stiltetyd
12. 2 slotte met sleutels of ‘n kombinasieslot (1 sleutel word deur die Superintendent gebêre indien ‘n leerder haar sleutel vergeet / verplaas.)
13. Skoene en / of sandale
14. Sportklere en toerusting
15. Skoolklere en ander skoolbenodigdhede
16. Koffiebeker, teelepel, koffie, poeiermelk en suiker
17. Een goeie waaier per kamer. Koop dit gesamentlik aan na kamerindelings gefinaliseer is.
18. Geen ketels, haardroërs (of iets soortgelyks nie) of verleningskoorde nie (slegs een vir die waaier).

Let wel: Alle klere moet duidelik gemerk wees, asseblief!

ERKENNING VAN ONTVANGS – KOSHUISBELEID

Hiermee erken ek ontvangs van die koshuisbeleid en vereenselwig my met die inhoud daarvan.

NAAM VAN OUER/VOOG:_____

NAAM VAN LEERDER: _____

DATUM: _____